# Die Kerklike Jaar

Ons as Monwes Gemeente gaan vanaf 3 Desember wanneer Adventstyd aanbreek, die hele Kerklike Jaar noukeurig volg om van die hele tyd `n geestelike belewenis te maak. Dit is daarom belangrik dat jy die dienste sal bywoon!

**Advent:** Dit is die vier weke wat Kersdag voorafgaan. Die afwagting vir die viering van die geboorte van die Heiland.

Dis die tyd van Kersliedere en van opgewonde wees,

**Kersfees:** Ja, die asprismense is reg. 25 Desember was oorspronklik om die Wintersonstilstand in die Noordelike Halfrond te vier. `n Heidense fees, dus, wat volgens hierdie mense deur die Christendom "oorgeneem" is.

Al wat die Christene gedoen het was om `n alternatief vir die gelowiges daar te stel. Hulle kan dus steeds die fees vier, maar sonder om heidense afgode te aanbid.

Ons weet in elk geval nie wanneer Jesus presies gebore is nie. Die sinagoges in daardie tyd het nie Sinagoge Almenakke laat druk nie! Jesus is waarskynlik tussen Januarie en Maart in die jaar 7 voor Christus gebore!

Ons sien jou dus op 25 Desember om 08:00 hier by die Kerk om Kersfees te vier!

**Epifanie:** Epifanie is Jesus se bekendstelling aan God en die wêreld toe Hy in die Tempel volgens die godsdienstige praktyke van daardie tyd, besny is. Die besoek van die drie wyse manne word ook herdenk.

**Verheerlikingssondag:** Dis die Sondag voor As-woensdag, Jesus se verheerliking op die berg word herdenk.

**Lydenstyd:**Hiedie is die sewe weke wat Paasfees voorafgaan. Vir 7 Sondae kyk die Kerk na die betekenis van Jesus se ly-ding en sterwe.

**Aswoensdag:** Ons vier dit 46 dae voor Paassondag. Hier word ons herinner aan ons sonde en skuld en doen ons belydenis van ons oortredinge.

**Palmsondag:** Ons vier Jesus se intog in Jerusalem die week voor sy kruisiging, Dis die Sondag voor Paassondag.

Groot Lydensweek: Ons gaan aanstaande jaar elke dag van daardie week bymekaarkom om dit wat Jesus op daardie dag destyds gedoen het, te bespreek.

**Paasfees:** Paasfees begin vir ons die Donderdagaand voor Goeie Vrydag. Dan vier die gemeente die instelling van die Nagmaal kort voor Jesus in Getsemane

gevange geneem is later daardie nag.

Vrydag kom die gemeente bymekaar om na te dink oor die sterwe van Jesus. Dit is `n dag van die nadenke oor jou verhouding met Hom. Geen liedere word gesing nie. Die klavier, die preekstoel en die orrel word met doeke toegegooi. God het immers die son afgesit toe sy Seun op Golgota gesterf het!

Ons gaan die dag in stilte herdenk deur elkeen wat alleen hier by die Kerk die kruisweg te kom stap.

Paassondag is egter die dag vir vrolikheid. Jesus het opgestaan! HY het waarlik opgestaan! Ons kom reeds 06:00 hier by die

Kerk bymekaar om die dag te begin met lofliedere en gebede. Later het ons die opstandingsdiens. Die preekstoel en die klavier en die orrel is oop en die klokke lui! Die Fees is so lekker, ons sit dit elke Sondag van die jaar voort as ons met elke erediens Jesus se opstanding vier.

**Hemelvaart:** Hier vier ons die begin van Jesus se verhoging nadat sy vernedering op aarde reeds in Bethlehem begin het toe God mens geword het. Daar sal die oggend en die aand `n kort erediens wees in ons kerkgebou.

**Pinkster:** Pinkster begin reeds die Donderdagaand tien dae voor Pinksterdag. Ons hou vir 10 dae lank bidure soos die eerste gelowiges wat in die bokamer in Jerusalem gewag het vir die Versterking wat Jesus hulle beloof het. Op Pinkstersondag vier ons weer as gemeente fees tydens en na die erediens.

**Koninkrykstyd:**

Dit is die maande tussen Pinkster en Advent.

**Drie-Eenheidsondag:** Op hierdie dag vier ons die Kerk as instelling van God. Ons konsentreer op barmhartigheid, evangelisasie en gemeentebou.

**Hervormingsdag:** Hier vier ons volgende jaar 501 jaar sedert Maartin Luther met die Hervorming van die Kerk begin het. Ons het twee weke gelede dit ook gevier.

**Sondag van Christus die Koning:** Alle regeerders op aarde regeer net omdat God dit toelaat. Jesus Christus is die Ewige Koning wat regeer oor alle tyd en koninkryke! Dit is gewoonlik die laaste Sondag voor Advent aanbreek.

Dit is belangrik dat jy erns sal maak om hierdie geleenthede by te woon. Ons wil vir 2018 regtig groot klem lê op geestelike groei en op geloofsgewoontes.

Kom gereeld en groei!